SKOLE
ondersteuningsentrum

13 Oktober 2020

Geagte Hoërskoolhoof

SPESIALE NORMTOETSE VIR GR.11'S: 26 en 29 Oktober 2020

Soos onlangs in die media aangekondig gaan die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum in samewerking met kundiges 'n spesiale geleentheid vir Afrikaanse Gr.11-leerders bied om hul **taal-en wiskunde vaardighede** te slyp met 'n spesiale voorbereiding vir die aflê van die Nasionale Normtoets (NNT). Die beplande aksie sal in die Oktober-skoolvakansie (26 Oktober en 29 Oktober) virtueel per Zoom-platform geskied.

Deelname hieraan sal die volgende voordele vir Gr.11-leerders inhou en daarom vra ons skole om hul Gr.11-leerders te motiveer om hiervoor in te skryf:

- Geleentheid tot blootstelling aan 'n NBT-tipe toets (National Benchmark Test soos deur talle universiteite vereis) vóór Gr.12.
- Vroeë identifisering van tekortkominge sodat regstellende optrede nog voor die formele NBT-toetse in Gr.12 kan plaasvind.
- Verbetering op geleenthede vir universiteitstoelating.

AANBIEDERS:

- **Taalvaardigheid vir verdere studie**: Prof. Albert Weideman is professor in toegepaste taalstudie aan die Universiteit van die Vrystaat en buitengewone professor in taalonderwys aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy lei ook LCaT se werkwinkels in akademiese geletterdheid.

- **Wiskunde vaardigheid vir verdere studies:** Duard le Roux - Purple Pepper Maths eienaar en hoogs ervare Gr.12 NBT-opleier in Wiskunde.

WERKSWYSE:

Taal en Wiskunde word op dieselfde dag, direk na mekaar aangebied in die gemaklikheid van die leerder se huis. Leerders skryf vooraf in deur te registreer op hierdie GoogleForm-skakel:
http://bit.ly/NNT_Graad11

Betaling geskied met registrasie. Geregistreerde leerders ontvang ’n Zoom-skakel per e-pos waarmee hul inskakel vir die vooraf webinaar en toets. Die uitslag is onmiddellik ná aflegging van die toets aan die leerder beskikbaar.

Wat kan u as skool doen?

Skole voorsien slegs die nodige registrasieskakel aan hul Gr.11-leerders en moedig leerders aan om daarvoor in te skryf. Leerders/ouers betaal self die inskrywingsfooi van **R150 per leerder** per toets (indien albei toetse geskryf word, is die koste dus R300) in die aangeduide bankrekening op die skakel.

TYDGLEUWE:

Maandag 26 Oktober

- Taalvaardigheid 09:00 – 10:00 (voorbereiding en aflê van toets moet binne ’n 48 uur tydsraamwerk plaasvind).
- Wiskunde vaardigheid - 11:30 – 12:30 (toets moet binne 48 uur tydsraamwerk plaasvind en dan is die uitslag onmiddellik beskikbaar).

Donderdag 29 Oktober

- Taalvaardigheid 09:00 – 10:00 (ontvang uitslag en bespreking van resultate volg).

SEKURITEIT:

Elke leerder sal individueel ’n unieke wagwoord vir deelname ontvang, sodra betalingsbewys ontvang is.

Navrae: Rig navrae aan Colette Scott by admin@skole.co.za.

Die uwe

SKOLE
ondersteuningsentrum

HUGO VERMEULEN
Hoof: Opleiding
012 612 0234
082 301 0494
hugo@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za